

**Vrydag 15 September**

**Skrifgedeelte: Prediker 9:1-12**

**Fokusgedeelte: Prediker 9:1**

**Geniet die lewe met wysheid en insig**

Op die oog af lyk hierdie hoofstuk maar mistroostig. Ons is almal op pad na die “doderyk” en die lewe kom eintlik tot niks (vs10). Dieselfde lot tref ons almal. *“Soos wat dit met die goeie gaan, so gaan dit ook met die sondaar”* (vs. 2).

Eintlik is dit tog wat moderne mense, wat nie in die Here glo nie, vandag sê: Die lewe is maar net ons biologiese bestaan hier op aarde. Aan die onvermydelike einde daarvan kan ons niks doen nie. Wat ons wel kan doen, is om die beste te maak van elke dag se bestaan. Doen die dinge wat lekker is en geniet die lewe. Vind vreugde in jou bestaan deur al jou diepste behoeftes te bevredig. Jy is hier vir jouself en sorg vir jou eie geluk. Jy het nie ’n ander doel as om jou eie geluk te ontgin nie. En as jy sterwe, kan mense jou lewe vier en dan voortgaan om hulle geluk te ontgin.

Hierdie hoofstuk kan so gelees word as ons vers 1 weglaat. Die motivering vir ons lewe hier op aarde lê in die woorde: “God regeer ...” Om te weet dat God regeer, is wysheid. Wysheid is kennis wat spruit uit geloof. Die wyse mens weet dat ’n lewe onder God se regering heel anders lyk. Daar is ’n doel in my lewe en daar is grense vir my doen en late. My lewensdoel is om God te dien en my naaste te bedien met God se liefde. My lewensgenietinge dra die geur van dankbaarheid vir genade. My geluk vind ek in die hand van die Here. En as ek sterwe, kan mense my opstanding vier en dan voortgaan om die opgestane Christus te omhels.

Ja, die lewe is ’n fees. Veral vir die wyse mens.

*Sing: Psalm 99-1:1, 5*

*Prof. JM Vorster (Koos) (emeritus)*